Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos in die KABV-dokument uiteengesit.

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit SES opsteltipe-vrae.

4. MOET NIE TWEE opsteltipe-vrae vanuit dieselfde tema beantwoord NIE.

5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   5.1 Antwoord ten minste EEN brongebaseerde vraag en EEN opsteltipe-vraag.

   5.2 Die derde vraag kan of brongebaseerde of ŉ opsteltipe-vraag wees.

6. Kandidate moet kennis, insig en vaardighede aan die dag lê in die beantwoording van die vrae.

7. Die blote herskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

8. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag vanuit hierdie afdeling maar nie meer as TWEE vrae.

### VRAAG 1: HOE HET SWART NASIONALISME, SWART SUID-AFRIKANERS BEWUS GEMAAK OM ONDERDRUKKING TE VERSET?

Bestudeer bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter probleme het swartes volgens die "*The African Liberator*" ondervind? (3 x 1) (3)

1.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die doelwitte van die koerant te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.1.3 Onttrek bewyse uit die bron wat die mening aandui dat swart aktiwiteite die seëninge van blankes benodig het. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik wat SANNC beteken. (1 x 1) (1)

1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die SANNC ʼn beroep op swart Suid-Afrikaners gedoen het om te verenig. (2 x 2) (4)

1.2.3 Haal ʼn sin aan wat aandui dat die leierskap van die SANNC uit intellektueles bestaan het. (1 x 2) (2)

1.2.4 "Swartes is behandel as houtkappers en waterdraers."
Met verwysing na hierdie stelling, verduidelik hoe swartes in Suid-Afrika behandel was. (2 x 2) (4)

1.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir ʼn geskiedkundige wat navorsing oor die opkoms van swart nasionalisme doen. (1 x 2) (2)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Omskryf die volgende begrippe in jou eie woorde:

(a) Segregasie (1 x 2) (2)

(b) Swart Nasionalisme (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die ANC-jeugliga se Program van Aksie ’n meer militante benadering teenoor onderdrukking voorgestel het. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Noem die organisasies wat aan die wegbly-aksie van 26 Junie 1950 deelgeneem het. (3 x 1) (3)

1.4.2 Identifiseer hoe Swart nasionalisme deur die ANC in hierdie plakkaat bevorder word. (1 x 3) (3)

1.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en identifiseer die tipe swart nasionalisme wat in hierdie plakkaat weerspieël word. (1 x 2) (2)

1.4.4 Met verwysing na die stelling: “Vryheid nie Knegskap”, verduidelik die eise van die ANC. (2 x 2) (4)

1.4.5 Verduidelik die nuttigheid van hierdie plakkaat vir ’n geskiedkundige wat die veranderde benadering van die ANC tot ’n massa-gebaseerde organisasie, bestudeer. (1 x 2) (2)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van omtrent SES lyne (60 woorde) waarin jy verduidelik hoe swart nasionalisme swart Suid-Afrikaners bewus gemaak het om onderdrukking te verset. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?

Bestudeer bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Watter land, volgens die bron, was vir die Sesdaagse Oorlog verantwoordelik? (1 x 1) (1)

2.1.2 Waarom, volgens die bron, het Israel besluit om eerste aan te val? (3 x 1) (3)

2.1.3 Gebruik jou eie kennis om die land wat deur Nasser geregeer was, te identifiseer. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die hoofredes waarom die Arabiese lande Israel aangeval het, te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.1.5 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Israel as oorwinnaar uit die konflik gestap het. (1 x 3) (3)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer TWEE gebiede wat Israel na die Sesdaagse Oorlog verwerf het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die voordeel wat die verowering van hierdie gebiede vir Israel ingehou het, te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.2.3 Identifiseer TWEE lande wat teen Israel gedurende die Sesdaagse Oorlog geveg het. (2 x 1) (2)

2.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van die Sesdaagse Oorlog op die Arabiese lande, te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Hoeveel Arabiere, is volgens die bron gedurende die Sesdaagse Oorlog doodgemaak? (1 x 1) (1)

2.3.2 Hoe komplimenteer (ondersteun) Bron 2A, vir Bron 2C met betrekking tot die uitslag van die oorlog? (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Wie was die leier van die Palestynse Bevrydingsorganisasie? (1 x 1) (1)

2.4.2 Verduidelik in jou eie woorde wat met ŉ "*guerrilla kommando*" bedoel word. (1 x 2) (2)

2.4.3 Waarom dink jy het die Arabiere hulle aanvalstaktiek teen Israel verander? (1 x 2) (2)

2.4.4 "Palestynse guerrillas het Israeli teikens oral in die wêreld aangeval." Met verwysing na hierdie stelling, identifiseer die insident wat in 1972 in Duitsland plaasgevind het. (1 x 2) (2)

2.4.5 Hoe, volgens die bron het Israel op hierdie guerrilla aanvalle gereageer? (3 x 1) (3)

2.4.6 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van hierdie aanvalle op Arabiese-Israeli verhoudings, te verduidelik. (2 x 2) (4)

2.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Sesdaagse Oorlog tot spanning in die Midde-Ooste bygedra het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE NASIONALE PARTY SY IDEOLOGIE VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA GEÏMPLEMENTEER?

Bestudeer bronne 3A, 3B, 3C en3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem die party wat die beleid van apartheid geïmplementeer het. (1 x 1) (1)

3.1.2 Watter Suid-Afrikaanse eerste minister het die beleid van apartheid in 1948 gekonstrueer? (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die beleid van apartheid geïmplementeer was. (2 x 2) (4)

3.1.4 “Apartheid het verder as segregasie gegaan.” Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom dit die geval was. (2 x 2) (4)

3.1.5 “Rassistiese wette het voorgeskryf waar en hoe hulle kon woon, reis, werk, skool bywoon, trou en sosiaal verkeer.” Met verwysing na hierdie stelling, identifiseer die wette wat bepaal het waar:

(a) Swartes kon woon (1 x 2) (2)

(b) Swartes skole kon bywoon (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Wat was Harry Danes (’n blanke inwoner) se gesindheid teenoor integrasie in Sophiatown? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom Harry Danes se verklaring as bevooroordeeld teenoor swartes beskou kan word. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die redes waarom nie-blankes uit Sophiatown verwyder was. (1 x 2) (2)

3.2.4 Wat, volgens die bron, was Sophiatown na die gedwonge verskuiwing hernoem? (1 x 1) (1)

3.2.5 Wat impliseer die teenwoordigheid van die polisie in die foto? (Visuele bron) (1 x 2) (2)

3.2.6 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van hierdie gedwonge verskuiwings op die lewens van swart Suid-Afrikaners te verduidelik. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Omskryf die begrip *demokrasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.3.2 Hoe, volgens die bron het die apartheidsregering die groei van ŉ verenigde swart nasionalisme verhoed? (1 x 1) (1)

3.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik of Suid-Afrika werklik ŉ demokratiese land was soos dit op hierdie stadium beweer was. Motiveer jou antwoord. (1 x 2) (2)

3.3.4 Hoe, volgens die bron het die Nasionale Party die skepping van hul tuislandbeleid geregverdig? (1 x 2) (2)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Noem enige DRIE onafhanklike tuislande wat deur die Suid-Afrikaanse regering geskep was. (3 x 1) (3)

3.4.2 Wat was die bevindings van die Tomlinson-kommissie? (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom die apartheidsregering die aanbevelings van die Tomlinson-kommissie verwerp het. (2 x 2) (4)

3.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik of jy saamstem met die volgende stelling: "Die Nasionale Party het apartheid aangeneem om die voortbestaan van die Afrikaner-nasie ten koste van alle ander rasse te waarborg." (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE

Beantwoord ten minste EEN, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: AFRIKANER-NASIONALISME

#### VRAAG 4.1

Evalueer die redes vir die opkoms van Afrikaner nasionalisme vanaf 1930 tot 1948. Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**OF**

#### VRAAG 4.2

"Afrikaner nasionalisme was geskep en gemanipuleer deur 'n spesifieke groep wat 'n nuwe sin van kulturele eenheid deur simbole en institusies ontwikkel het." Stem jy saam met die verklaring? Motiveer. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA

Assesseer die rol wat Kwame Nkrumah gespeel het in Ghana se stryd tot onafhanklikheid. **[50]**

**OF**

#### VRAAG 5.2

"Dit was Pan-Afrikanisme en die invloed van Marcus Garvey wat tot die transformasie van die 'Goud Kus' tot Ghana in 1957 gelei het." Assesseer krities die geldigheid van hierdie stelling. **[50]**

### VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940's TOT 1960's

#### VRAAG 6.1

"Die Nasionale Party regering het sy apartheidsbeleid so effektief afgedwing dat daar nie kans vir weerstand was nie." Verduidelik tot watter mate hierdie stelling akkuraat is deur die weerstand in Suid-Afrika in die 1950's te ondersoek. **[50]**

#### VRAAG 6.2

"Teen 1960's was apartheid as 'n afwyking in die post-Tweede Wêreldoorlog era beskou en rassisme was veroordeel." In die lig van hierdie stelling, evalueer krities tot watter mate weerstand teen apartheid in die 1960's suksesvol was. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou